**Graad 7  EAT Mite**

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg.



Koning Midas

Baie lank gelede het daar `n skatryk koning gewoon en sy naam was Midas. Koning Midas het `n beeldskone dogter gehad waarvoor hy onsettend lief was. Sy was sy hart se punt. Koning Midas was ook baie lief vir sy geld en sy goud. Hy het ook `n pragtige roostuin gehad waarvan hy baie gehou het. Koning Midas het elke dag sy geld en sy goud getel.

Op `n dag toe koning Midas in sy pragtige roostuin stap verskyn daar `n klein mannetjie aan hom. “Koning Midas, jy is skatryk,  maar sê vir my, is jy regtig gelukkig?”  vra die klein mannetjie.  Midas antwoord:  “Ja, ek  is gelukkig.  Ek is 'n  koning en ek het 'n  lieflike dogtertjie, maar ek het nog nie genoeg goud en geld nie.”

Die mannetjie sê toe: “Jy mag een wens, wens en die wens sal waar word.  Wat is jou wens?” Koning Midas antwoord dadelik: “Ek wens dat alles waaraan ek raak, in goud sal verander,” “Goed, koning Midas, is jy doodseker dis wat jy wil hê?” vra die mannetjie.  “Niks sal my gelukkiger maak nie,” sê die koning.  “Dan sal jou wens waar word,” sê die mannetjie.  “Van môre-oggend af sal alles waaraan jy raak, in goud verander.”

Toe Midas die volgende oggend wakker word,gaan hy badkamer toe om sy tande te borsel. Die tandepaste en tandeborsel verander onmiddellik in goud.  Hy raak baie opgewonde en raak aan alles in sy kamer:  die bed, die tafel, die stoel, sy beddegoed en sy gordyne, sowaar alles verander in goud!  Koning Midas is gelukkig, goud is nou volop in sy Paleis.  Hy is skielik baie honger en stap na die eetkamer toe.  Toe hy sy koffie wil drink, verander dit in goud.  Wat nou?  Hy neem 'n  snytjie brood, maar dadelik verander dit in `n stuk goud.  “Hoe gaan ek ooit weer iets eet?” wonder hy bekommerd.  Hy is skielik baie ongelukkig  Hy weet hy sal doodgaan van  die honger en dors as hy nie kan eet of drink nie.

Koning Midas besluit om in sy lieflike roostuin te gaan stap. Hy neem een van die mooi roosknoppe in sy hand, maar dit verander onmiddellik in goud. Hy kan nie meer sy pragtige roostuin waardeer nie. Alles waaraan hy vat verander in goud.

Sy pragtige dgtertjie kom na hom aangestap en hy is baie bly om haar te sien. Sy sit haar armpies om haar pa se nek en hy soen haar op haar wang. Hy kan nie glo wat hy sien nie. Sy dogtertjie se liefdevolle gesiggie het in goud verander, haar pragtige hare is goudgeel en haar sagte liggaampie is kliphard. Sy dierbare kind het in 'n goue standbeeld verander! Koning Midas is baie onsteld en begin bitterlik huil. Hy sal alles in sy koningkryk terug gee en die armste man in die wêreld wees, as hy net weer sy lieflike dogtertjie se glimlag kan sien.

Skielik staan die mannetjie weer langs hom. “Wel, Midas, is jy nou tevrede?” “Nee, nee, ek is sielsongelukkig! Goud is nie alles nie, ek het my dogter verloor vir wie ek die liefste gehad het, ek erken ek het die grootste fout van my lewe gemaak.” “ Wel, dan het jy iets geleer.” sê die mannetjie. “Wat is vir jou die meeste werd? Jou baie goud, of jou dogter?” vra hy. “O, beslis my dierbare kind. Sy is baie meer werd as al die goud op die aarde.”antwoord Midas opreg.

“Dit lyk my jy het geleer dat geld nie die belangrikste ding op aarde is nie. “Wil jy die wens terugtrek?” vra die mannetjie. “Asseblief! Help my!” smeek Koning Midas.
“Nou goed. Gaan was jouself in die rivier. Dit sal die towerkrag van jou afwas. Maak dan 'n beker vol van die rivier se water en sprinkel dit oor alles wat in goud verander het. Dan sal dit weer wees soos dit voorheen was.”





https://www.storyboardthat.com/nl/storyboards/nl-examples/koning-midas--golden-touch-character

Vrae.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Noem vier dinge waarvoor koning Midas baie lief was. | 4 |
| 2. | Waarvan kon Koning Midas nie genoeg hê nie?<br>a) kos<br>b) rose<br>c) goud<br>d) aansien | 1 |
| 3. | Waarvoor het die koning gewens? | 1 |
| 4. | Wat het die mannetjie vir Midas gevra, nadat sy wens waar geword het? | 1 |
| 5. | Midas het begin huil. Wat sou hy graag anders wou hê? | 1 |
| 6. | Hoe kon die towerkrag weer verbreek word?<br>a) Hy moes gaan bad.<br>b) Hy moes water uit die koppie drink.<br>c) Hy moes homself in die rivier gaan was.<br>d) Hy moes weer aan alles wat verander het, geraak het. | 1 |
| 7. | Wat is die boodskap wat die skrywer oordra? | 1 |

**Totaal 10**

Memorandum

| nr. | Antwoorde | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1. | geld<br>goud<br>dogtertjie<br>roostuin | 4 | 1 |
| 2. | c) goud | 1 | 2 |
| 3. | dat alles waaraan hy raak in goud verander. | 1 | 1 |
| 4. | Hy wou weet of die koning nou gelukkig is. | 1 | 2 |
| 5. | Hy sou eerder alles verloor as hy weer sy dogtertjie kon vashou. | 1 | 4 |
| 6. | c) Hy moes homself in die rivier gaan was. | 1 | 2 |
| 7. | Geld kan nie geluk koop nie.<br>of<br>Wees dankbaar vir wat jy het.<br>(Enige aanvaarbare antwoord. | 1 | 5 |
| | | 10 | |